Lêer nr: 15/3/4-14/Erf_2073
15/3/5-14/Erf_2073

Navrae
Mnr H L Olivier

1 Junie 2023

Planscape
Posbus 557
MOORREESBURG
7310

**Per Geregistreerde Pos**

Geagte Meneer

**VOORGESTELDE WYSIGING VAN BEPERKENDE VOORWAARDE EN AFWYKING: ERF 2073, YZERFONTEIN**

U aansoek met verwysingsnommer 317-2073-Yzer, gedateer Maart 2023, namens Mnr GI van Niekerk, het betrekking.

**A.** Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Ontwikkelingsbestuur gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226, gedateer 25 Maart 2020), word die aansoek om wysiging van beperkende voorwaarde sowel as die afwyking van die straatboulyn van toepassing op Erf 2073, Yzerfontein, ingevolge artikel 70 van die Verordening afgekeur, vir die volgende redes:

1. Boulyne is beheermaatreëls wat nie slegs dienste akkommodeer nie maar ook die aard en karakter van die woonbuurte beskerm.
2. Die boulyn verslapping sal nie die voorkoms van Dassen Eilandrylaan verbeter nie.
3. Daar bestaan nie soortgelyke boulynafwykings sigbaar in die omliggende omgewing of in die deel van Dassen Eilandrylaan wat reeds deur Swartland Munisipaliteit goedgekeur is nie. Indien die voorgestelde aansoek goedgekeur word sal dit besluitneming oor soortgelyke aansoeke bemoeilik met die kumalitiewe impak daarvan wat 'n negatiewe impak sal hê op die voorkoms van die betrokke straat.
4. Die voorstel voldoen nie aan die bepalings van die Ontwikkelingsbestuurskema nie. In terme van Par 12.2.2(a) van die Ontwikkelingsbestuurskema mag die munisipaliteit slegs instem tot die afwyking van die straatboulyn indien die motorhuis nie 'n hoogte van 4m van die afgewerkte vloervlak tot die punt van die dak oorskry nie.

Appèlle teen die besluit van die Gemagtigde Amptenaar moet skriftelik gerig word aan die Munisipale Bestuurder, Swartland Munisipaliteit, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299 of per e-pos aan swartlandmun@swartland.org.za, nie later nie as 21 dae na registrasie van hierdie skrywe. Vir die appèl om geldig te wees moet dit vergesel word deur 'n fooi van R4 500,00 sowel as aan artikel 90 van die Verordening voldoen. Appèlle wat laat ontvang word en/of nie aan die voorgenoemde vereistes voldoen nie, sal as ongeldig beskou word en sal nie verwerk word nie.

Die uwe

**MUNISIPALE BESTUURDER**
per Departement: Ontwikkelingsdienste
HLO/ds

*Afskrifte:* *Boubeheerbeampte*
*GI van Niekerk, Posbus 971, YZERFONTEIN, 7351 / Gerhardvanniekerk53@gmail.com*